


PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# LUG U MENING

## Begrotingswetsontwerp [B4 – 2026]

### Voorleggings en openbare verhore

Die Gekose Komitee oor Begrotings (Nasionale Raad van Provinsies) nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om skriftelike en/of mondelinge voorleggings oor die *Begrotingswetsontwerp [B 4 – 2026]* in te dien. Die wetsontwerp is op 25 Februarie 2026 saam met die Nasionale Begroting vir 2026 deur die Minister van Finansies ter tafel gelê. Die Wet op Geldwetsontwerpe en Verwante Sake, No 13 of 2018, vereis dat die Parlement openbare verhore hou en oor alle wetsontwerpe verslag doen.

Die wetsontwerp het ten doel om geld uit die Nasionale Inkomstefonds toe te ken vir die behoeftes van die staat vir die 2026-27-boekjaar; om voorwaardes voor te skryf vir die besteding van fondse wat vir die 2027-28-boekjaar onttrek is voor die inwerkingtreding van die Begrotingswet vir 2027-28; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

Die sluitingsdatum om skriftelike voorleggings in te dien of u voorneme aan te dui om 'n mondelinge aanbieding te lewer, is om 16:00 op Maandag, 8 Junie 2026. Openbare verhore oor die wetsontwerp sal virtueel op Woensdag, 10 Junie 2026 om 09:00 deur die Gekose Komitee oor Begrotings gehou word.

Voorleggings moet gerig word aan die komiteesekretariaat, mnr Lubabalo Nodada: 083 412 1526, Lnodada@parliament.gov.za of me Estelle Grunewald: 071 363 2257, egrunewald@parliament.gov.za. Afskrifte van die wetsontwerp is beskikbaar by www.treasury.gov.za of www.parliament.gov.za.

Uitgereik deur agb T I Legwase, LP, Voorsitter van die Gekose Komitee oor Begrotings (Nasionale Raad van Provinsies).

AFRIKAANS